

## Reisverslag in twee stemme en agt gedigte



In die tweede helfte van 2015 vlieg twee egpare uit Nederland na Kaapstad om 'n reis van drie weke van suid na noord deur Suid-Afrika aan te pak. Pretoria sou hulle eindbestemming wees:

*Het doel was tweeledig. Enerzijds het ontmoeten van Afrikaanse dichters en kennis nemen van elkaars werk, anderzijds het weerzien van het land.*


Harry en Emma Crebolder uit Maastricht was in 1994 vir die laaste keer in Suid-Afrika. Die Crebolders het oor die algemeen 'iets' met Afrika. Harry was in sy aktiewe professionele lewe 'n tyd lank 'tropenarts' in Tanzanië. Emma is nog steeds professioneel aktief as digter. Sou die Suid-Afrikaanse landskap haar weer inspireer soos soveel kere vantevore?

Vir my en Geno is dit spesiaal om twee sulke geïnteresseerde en geïnspireerde gaste te kan begelei. Ek herontdek my eie land deur die oë van ons gaste, maar ons verken ook altyd, sover dit moontlik is tydens ons jaarlikse besoeke, nuwe plekke. Die akkerbome in Stellenbosch sal met die nuwe somer se groen pryk. Dis ons vakansie!

*Rond middernacht rijden we Stellenbosch binnen. De laan met bomen, de Oud-Hollandse huizen, het stadje lijkt in zijn geheel geëmigreerd vanuit Nederland. De sleutel breekt af in het slot van De Oude Meul. Gelukkig onderdak in een hotel met de naam Protea, symbool-bloem van Zuid-Afrika. De volgende dag in de Dorpstraat, op het balkon van De Oude Meul. Het is alsof ik hier op de hoek van de straten terug zou kunnen schrijven naar een ver verleden.*

### Stellenbosch<sup>1</sup>

word wakker Stellenbosch  
gooi jou kussings in die asdrom  
hang jou matras uit die venster  
verbrand jou lakens  
gaap nooit weer nie  
slaap nooit meer nie  
loop kaalvoet sonder onderklere  
in vrugbare watervore  
speel tussen die akkerblare  
koppie krap koppie krap  
geel & blougroen papegaai  
aai aai daai witborskraai  
wat toe tóg om moes draai  
hoender hoepoep & koekoek  
ha-ha hadida ha-ha hadida



FIGUUR 1: Stellenbosch.

tiptol rooioog tiptol swartooog  
piet-my-vrou o piet-my-vrou  
suiker jou bekkie my suikerbekkie  
bokmakierie diederikkie  
sing roe koerre roe koerre  
my ou sagtebors tortelduifie  
kom wees wakker by my & speel  
tussen al my lieflik baldadigste blare

Iets wat ons móét besoek gedurende die eerste paar dae in die Kaap is die Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin. Ter voorbereiding van die poësieprogram 'Geur van die hemel' loop ons veral agter ons neuse aan die kruie- en medisinale tuin binne, maar die kleure van die blomme en die vorms van die bome is ewe oorweldigend. Die verhaal van die herkoms van die broodbome by die ingang slaan ons voete onder ons lywe uit. Oor Kirstenbosch het Emma twintig jaar gelede die gedig 'Tafelbergtuin' geskryf. Dit is in 1995 in die bundel *Zwerftaal* gepubliseer. Die slotstrofe gee 'n leidraad waarom hierdie opvolgbesoek veral vir háár so belangrik is:

*Op de bladzijde waar 'Bezoek aan tuin'  
en datum stond  
kon ik later niets meer vinden,  
niets dan wat stippen  
als zaden op de grond.*

1. Die gedig 'Stellenbosch' verskyn in Januarie 2017 in *Hollands Maandblad*. Emma Crebolder se gedigte is gepubliseer in die literêre tydskrifte *Hollands Maandblad* (Junie/Julie 2016) en *Terras* (temanommer 'Metalen', 10 Junie 2016).

### Read online:



Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

**Authors:** Carina van der Walt<sup>1</sup>, Emma Crebolder<sup>1</sup>

**Affiliations:** <sup>1</sup>Private Practice, the Netherlands

**Corresponding author:** Carina van der Walt, carina.vanderwalt@gmail.com

**How to cite this article:** Van der Walt, C. & Crebolder, E., 2017, 'Reisverslag in twee stemme en agt gedigte', *Literator*, 38(1), a1370. <https://doi.org/10.4102/lit.v38i1.1370>

**Copyright:** © 2017. The Authors. Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.